# 'n Volk Sonder Toekoms.

Vereeniging
15 Des. 1957.

Die lewe v.d. jeug is 'n lewe in die toekoms; die drome v.d. jeug is d. drome v.d. toekoms; die gedagtes v.d. jeug is d. gedagtes v.d. toekoms. Daarom wil jongmense altyd deel vorm van 'n beweging, 'n organisasie, 'n groep, 'n volk wat die hoop bied van 'n groot & glorieryke toekoms. Wie gaan dan ook bly vaar op 'n skip wat sink? Wie gaan saamry in 'n kar wat gaan verongeluk?

En nou heel a.d. begin van my boek wil ek eers vra: Is ons seker dat ons deel vorm van 'n volk met 'n toekoms? As ons noukeurig en krities oplet na alles wat binne in ons harte en rondom ons aangaan is ons dan nog oortuig dat daar vir ons en ons nageslag 'n toekoms sal wees?

Die vraag is nie die gevolg van 'n vlaag van pessimisme nie; dis ook nie bedoel om sensasie te wek of angs of vrees aan te ja nie — dis die vrug v. nugtere maar ernstige besinning oor die ~~toekoms~~ posisie waarin ons as blankes verkeer in d. suidhoek v. Afrika. Dat dit tye is van spanning en krisis hoef ek u nie te sê nie; maar dat juis daarom ons saam m. ons jongmense oor ons posisie moet besin en gesels — dit wil ons beklemtoon en self probeer doen.

Daarom wil ons vra: wat is die dinge wat ~~beteken~~ 'n volk se toekoms, sy voortbestaan bedreig? Wat is d. skrif a.d. muur wat vertel: Te lig bevind?

Ek wil hier net 4 dinge noem wat 'n volk se voortbestaan op weegskaal plaas — wat uiteind. lei tot so 'n volk se skielike of geleidelike ondergang — sy disintegrasie, sy ontbinding. Daar is meer — maar vir ons as Afr. volk is hierdie 4 dinge vd na my mening van lewensbelang vir ons voortbestaan:

I 'n Volk sonder Wieg: Die kleinste kind onder ons sal u kan sê dat net so seker as 1+1 = 2, net so seker sterf 'n volk as daar geen kinders is. Die mense wat met statistieke werk wys ook daarop dat as uit elke huwelik gem. 2 kinders gebore word, die volk se getalsterkte konstant bly. By 3 kinders is daar 'n klein toename, maar dis eers wanneer elke huis 4 of meer kinders het dat die bevolkingsaanwas as gesond beskou kan word.

Nou weet ons almal baie goed watter vb. in dié opsig ons Voortrekkers gestel het: van groot en gelukkige gesinne. // U weet ook hoedat daar later, onder invloed v.d. sgn. moderne beskouinge uit d. buiteland, al meer spottend gepraat is oor baie kinders uit 'n huwelik // Saam daarmee het die industr. revolusie wat ons volk getref het vanaf die dertiger jare, meegewerk om ons kindertal al meer te verklein. So ver het dit al gegaan dat dit vandag al byna reël is dat hoe hoër 'n persoon se inkomste & sosiale status is, hoe laer sy kindertal. Vir baie het hulle kar meer waarde as 'n kind: hulle werk eerder vir 'n draadkas met sy lawaai in die huis as vir 'n kindjie met sy vreugdestemmetjie.

Nog drie aspekte wat saak bemoeilik: ① laat huwelike van jongmense wat lank studeer. Gevolg: 3 kindertal uiters 2 of 3. ② toenemende kinderverwaarlosing uit laer inkomstegroepe ③ geweldige groei van nie-blanke groepe.

Oplossing: ① groter Immigrasie as moontlike oplossing.

– Pleit nie vir onbesonne, vroeë huwelike nie – maar vir nodige beplanning, steun & hulp dat ons jongmense 'n huisgesin kan begin bou vanaf hulle 20ste – 25e jaar.

II Volk sonder Werklus: Weer verwys ek na ons voorouers, die Voortrekkers: hulle arbeidsvreugde. Hulle plaas was hulle fabriek – die ossewa hulle huis & werksplek. Hulle was 'n gemeenskap: selfonderhoudend, selfontdekkend: hulle oorspronklikheid & vernuf om dinge self te maak; hulle vreugde om dd. dinge te skep deur hulle handewerk: riempiestoel, konfoor & ens – trots op hulle skeppinge. Daar ook plesier gevind in hulle werk: vreugde deur arbeid!

Hoe geweldig het dinge van dd. tyd verander, veral deur d. toename van miljoene nie-blankes wat byna alle vorms van hande-arbeid uit ons blankes se hande geneem het! Sodat ons Afr. intussen 'n nuwe lewensbeskouing aanvaar en propageer – 'n nuwe slagspreuk wat lui: Handewerk is skandewerk. / Terselfdertyd daar 'n traagheid, 'n loomheid, 'n gebrek aan besieling by duisende van ons blankes i.v.m. ons arbeidslus. Dis asof ons tyd genoem kan word die tyd v.d. groot traagheid – asof die siel uit ons sweet is, die geluk uit ons werk. Baie werk – maar hulle weet nie waarvoor nie; geword 'n volk van [illegible], van [illegible], van saamdrafters!

Nou weet ons almal baie goed uit d. gesk. van beskawinge voor ons:

② ① 'n volk wat nie self sy handewerk verrig nie, gaan ten gronde

① ② 'n volk wat nie vreugde vind in sy arbeid nie, verloor sy vreugde in die lewe. Nou die vraag: Hoe ver staan dit met ons?

– Hoe ons as jongmense die saak kan regstel:

① op skool
② in eie huis
③ in omgewing
④ op plase

III <u>'n Volk sonder Wetseerbied</u>: Die Voortrekkers was bekend as volk van wet en orde. Dink daaraan: hier trek 'n magdom van mense die wildernis in sonder parlement, sonder 'n polisiemag, sonder georganiseerde kerk of godsdiens. — en tog slaag hulle daarin om temidde v.d. moeilikste omste orde en gesag te handhaaf. Hoe? Hier was 'n volk m.d. grootste eerbied vir gesag — omdat hulle 'n groter gesag erken het as dié van mense: die gesag van God wie se Woord hulle wet was. Daar was 'n bygw. sinnel. gehoorsaamheid aan uiterlike gesag.

Met verloop v. jare het 'n ander stroom in ons volkskarakter ingekeer: jare van gedwonge gehoorsaam aan d. gesag van Engeland het by ons volk 'n trad. afkeer t/o sommige vorme van gesag gebring (sinoniem met onderdrukking). Gevolg: by baie 'n sinnel. neiging om hulle aan enige vorm van dissipline & gesag te ondermyn. ~~Sien~~ ~~dit in~~ Daarby ons tyd een v. verset teen gesag. Sien in:

1. gebrek aan dissipline & tug in huis & skool
2. neiging om tug in kerk te aanvaar & toe te pas
3. dubbele moraal v. volk wie se geestel. leiers pleit om wette om dobbelary, drankmisbruik, Sondagsontheiliging, staatslotery te verbied — terwyl 1000e lidmate dit in hulle harte nie aanvaar en in hulle lewens self nie toepas. Kry dan die teenstryd. posisie: Sondag in kerk dit teen gepreek — Maandag in week dit gepleit!

Huis teen h/s verdeeld kan nie bly staan: volk teen h/s verdeeld geen toekoms. Waar 'n volk nie sy wette wil. aanvaar as nodig & goed, daar d. krag v.d. wet verlore!

→ Wat gaan ons as jeug doen?



IV <u>Volk sonder Wegwysers</u>: Voortrekkers: geweet wat hulle wil — geweet waarom hulle wil. Hulle was 'n volk met 'n visie, 'n volk met 'n vaste koers, 'n volk wat die storms om hulle kon trotseer omdat hulle 'n fondament gebou het wat nie gewankel het nie.

Dit was hulle groot geheim —

→ Vdag: